SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONAAL | NATIONAL
saou@saou.co.za t: 012 436 0900 www.saou.co.za
Reg No: LR2/6/2/531

# MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 22 AUGUSTUS 2025

EMBARGO: GEEN

# VEILIGHEID IN SKOLE BLY 'N SISTEMIESE MISLUKKING

Die SAOU kan net die huidige wetteloosheid wat op skoolvlak ervaar word met smaad verwerp.

Toe die Minister van Basiese Onderwys Siviwe Gwarube en die Minister van Polisie Senzo Mchunu 'n gemeenskaplike ooreenkoms oor die verbetering van die veiligheid in skole, bekend as die Veilige Skole-Protokol op die 25ste Junie 2025, onderteken het, het alle lede van die onderwyssektor 'n hoorbare sug van verligting geslaak. Hierdie ooreenkoms sou onmiddellike verligting vir die onderwyssektor beteken om die veiligheid in skole terug te bring. Die huidige onveilige omgewing in skole word vererger deur die oorlading in klaskamers, groeiende gebrek aan dissipline in die klaskamer, soos aangedui deur die stroom verslae oor boelie gedrag, en fisiese aanvalle van leerders in skole en klaskamers wat wyd deur sosiale media versprei word.

Nieteenstaande, soos soveel ander inisiatiewe, was hierdie weereens 'n ydele projek.

Die huidige aanval op die hoof van die Hoërskool Roodepoort, wat beseer is toe sy haar leerders probeer beskerm het, en waarin drie van hierdie leerders ook beseer is, is totaal onaanvaarbaar en kon verhoed gewees het as die Veilige Skole-protokol soos beloof, geïmplementeer is. Hiermee saam sou die voorlopige skorsing van leerders uit die West Ridge High School in hulle Graad 12 jaar, kort voor die Graad 12 eksamens, onnodig gewees het, indien die nodige voorsorg getref is om skoolveiligheid te verbeter.

Die huidige situasie veroorsaak groeiende onsekerheid en onrus in die onderwysstelsel.

Bewerings word gemaak dat die hoof van Hoërskool Roodepoort tydens die insident met die polisie moes skakel. Dit is ontstellend omdat daar verwag sou kon word dat die voorval die vorige Vrydag wat ook op sosiale media opslae gemaak het, alreeds tot verhoogde sigbaarheid in die omgewing sou gelei het.

Hoofde en onderwysers lewe reeds in vrees vir die groeiende aggressie en geweld in skole. Berigte soos die mesaanval op 'n kollega is net weer 'n aanduiding dat daar geen beskerming vir onderwysers is nie.

Onderwysers lewer 'n diens aan die Staat en is soos enige ander werknemer, geregtig op 'n veilige werksomgewing. Sou die Staat as werkgewer, egter nie in staat wees om die veiligheid van werknemers te verseker nie, het die tyd moontlik aangebreek om verby beloofde inisiatiewe

en beleide te kyk en behoort unies ‘n gesprek te open waarin maatreëls oorweeg moet word om die veiligheid van ons lede te beskerm.